Alternatiewe Risikodekking

Alternative Risk Solutions

Eie versekering word toenemend gewilder

4 Mei 2009

Die gewildheid van eie versekering of Alternatiewe Risiko-oordrag (ARO) neem wêreldwyd vinnig toe, veral onder sakemanne en maatskappye, weens die voordele wat dit inhou. Na ons mening sal die gewildheid daarvan steeds toeneem in vergelyking met dié van konvensionele korttermynversekering, omdat ARO unieke koste-, effektiwiteits-, beplannings- en belasting-voordele bied.

Met 'n ARO-kontrak kan risiko's verseker word wat nie deur gewone versekering gedek word nie, bv. verliese as gevolg van swak sake-siklusse, weersveranderings, wanbetaling van debiteure, besigheidsbesluite, verlies aan inkomste en vele ander.

Geld wat in 'n ARO-rekening betaal is, word slegs vir die versekerde gebruik. Geen derde party het 'n invloed op die ARO-rekening nie. 'n Eie versekeringsfonds word dus vir die maatskappy opgebou en risiko's word daaruit befonds.

Die aantreklikheid van ARO lê in die eenvoud daarvan.

Die konsep funksioneer kortliks soos volg:

⇒ 'n Korttermyn-versekeringsmaatskappy reik 'n ARO-kontrak aan die versekerde uit.

⇒ 'n Rekening word vir die kliënt geopen waarin alle premies in- en eise uitbetaal word.

⇒ Die ondervindingsrekening verdien rente.

⇒ Eise is beperk tot die fondse in die ondervindingsrekening plus addisionele versekerde bedrae wat met die versekerde beding is.

By die beëindiging van 'n ARO-kontrak word die saldo en opgelope bonusse in die ondervindingsrekening aan die versekerde uitbetaal.

VAN SPESIALE BELANG:

- *Skep eie risikofonds.*
- *Bestuur eie risiko's.*
- *Belastingaftrekbaar.*
- *Kontrole oor fondse.*
- *Beskerm besigheid.*

"*At the end of the day, using an ART facility is a long-term commitment and there is no doubt that ART users who are used to enjoying the benefits of their own risk financing facilities will not be keen to return to the very market that forced them in ART structures in the first place.*"

(Cover Magazine Feb 2008)

Prakties sal ARO soos volg gebruik word:



Lees meer oor:

Belastingkwessies	*2*
Toegang tot fondse	*2*
Risikobestuur	*2*

André Ferreira van Alternative Risk Solutions kan gekontak word by telefoonnr. 021 915 6666 of e-pos: andref@exceed.co.za

In Alternative Risk Solutions se benadering tot risikobestuur het ons 'n geïntegreerde bestuursprogram ontwikkel om ons kliënte te help om risiko's te identifiseer wat eie is aan hulle besighede. Die program adviseer ook kliënte oor hoe om hierdie risiko's te bestuur.

Die diagram langsaan verskaf 'n opsomming van die belangrikste beginsels.

Wanneer die implementering van 'n ARO-program oorweeg word, is dit noodsaaklik om die totale risikobestuursprogram van 'n onderneming deeglik te ondersoek. Dit sal verseker dat bestaande risiko's gedek word.

ARO moet met bestaande korttermynversekering geïntegreer word ten einde die beste waarde-vir-geld risikooplossing te vind.



Toegang tot fondse in die ondervindingsrekening

'n Versekerde kan op verskeie maniere toegang verkry tot fondse in die ondervindingsrekening:

1. Deur middel van 'n *bona fide* versekeringseis, wanneer verliese van versekerde bates deur die versekerde geëis word.
2. Die kontrak kan te enige tyd gekanselleer word en die saldo in die rekening sal binne 'n bepaalde tyd aan die eienaar van die kontrak uitbetaal word.
3. Die kontrak word nie na 12 maande deur die versekerde hernu nie. Die saldo in die rekening sal binne 'n bepaalde tyd aan die versekerde betaal word.
4. Die kontrak kan as sekuriteit aan 'n finansiële instelling gebied word met die doel om 'n lening te bekom.

Die versekerde sal gereeld bygewerkte state ontvang wat die status en saldo van die rekening weerspieël. Die fonds word dus op deursigtige wyse bestuur en bestuursbesluite kan derhalwe betyds geneem word. Streng vereistes rakende die instrumente waarin die fonds belê is, word nagekom, terwyl bonusse wat aan die fonds toegeken word, gewaarborg word.

> *"Bydraes word gesien as 'n uitgawe in die voortbring van inkomste en is ten volle belastingaftrekbaar."*

Belastingkwessies

Eie versekering wat reg aangewend word, stel 'n maatskappy in staat om hom op 'n belastingvriendelike manier te verskans teen gebeure wat andersins tot die ondergang van die onderneming sou lei. Dit bevorder ook die gebruik van goeie bestuurstegnieke om risiko's te verminder.

Soos in die geval van konvensionele versekering, is die premie wat aan die versekeraar oorbetaal word, 'n belastingaftrekbare uitgawe vir die onderneming.

Die aantreklikheid van ARO is dat die fondse wat in die polis betaal word, nie gebruik word om ander partye se risiko's te befonds nie, maar slegs dié van die houer van die kontrak. Die ondervindingsrekening wat geskep word vir die polishouer, is terugbetaalbaar aan die versekerde wanneer die kontrak gekanselleer word of nie hernu word nie. Wanneer die fonds terugbetaal word, is dit deel van die belasbare inkomste van 'n onderneming.

Eise wat uitbetaal word, is - soos in die geval van gewone versekering - belasbaar.

Rente wat aan die ondervindingsrekening toegeken word, is nie belasbaar nie, maar sal belas word wanneer dit die besigheid toeval (dit is wanneer die saldo van die ondervindingsrekening aan die besigheid oorbetaal word).

Professionele advies is nodig om die volle belasting- en kontantvloei-uitwerking van 'n ARO-kontrak te bereken.